* * *

*Studia Paulina in honorem Johannis de Zwaan septuagenarii*, Erven F. Bohn, Haarlem, 1953.

Soos die titel aandui is hierdie werk 'n feesbundel van studies oor Paulus saamgestel deur Proff. W. C. van Unnik en J. N. Sevenster ter geleentheid van die sewentigste verjaardag van Prof. J. de Zwaan, die bekende leidse neotestamenticus. Titel en inhoud en medewerkers is met sorg

gekies. Prof. de Zwaan, wat in die ruim veertig jaar van sy hoogleraarskap 'n indrukwekkende hoeveelheid wetenskaplike ondersoekinge, veral ten opsigte van die persoon en teologie van Paulus gemaak het, was op een of ander tydstip die leermeester van elk van die bydraers tot hierdie bundel wetenskaplike opstelle. Sonder vooraf ooreenkoms het 'n aantal van die bydraers gekonsentreer op die Antiochië-episode van Paulus se werk. C. K. Barrett van Durham handel oor "Paul and the Pillar Apostles, Rudolph Bultmann oor Ignatius and Paulus, A. S. Geyser oor "Paul, the Apostolic Decree and the Liberals in Corinth", Bo Reicke oor „Der Geschichtliche hintergrund des Apostelkonzilsund der Antiochia-Episode" en G. Sevenster oor „De Wijding van Paulus en Barnabas." In 'n insiggewende artikel, "The Text of the Peshitta Tetraeuangelium" bespreek M. Black die betekenis van Codex Phillips vir die ontwikkelingsgeskiedenis van die siriese textus receptus. Kenneth W. Clark wys in 'n algemene artikel aan hoedat die tekskritiek tog plek-plek sulke ingrypende resultate toon dat 'n hersiening van die leer van die Kerk o.g. daarvan nodig word. 'n Samevattende oorsig oor al die beskouinge oor die siekte waaraan Paulus gely het, word gebied deur H. Clavier in „La Santé de l'Apôtre Paul. Meer teologies van aard is N. A. Dahl se bydrae oor „Die Messianität Jesu bei Paulus. C. H. Dodd verklaar in 'n artikel, Ennomos Christos, die betekenis van I Kor. 9:19-22. Dergelike eksegetiese toeligtinge by besondere skrifgedeeltes word gebied deur J. W. Doeve, „Some notes with reference to ta logia tou theou in Romans 3:2", en deur J. N. Sevenster, „Some remarks on the gumnos in II Cor. 5:3". Hierby sluit W. C. van Unnik aan met 'n uitleg oor Paulus se reisprogram, „Reisepläne und Amen-sagen, susammenhang und Gedankenfolge in II Kor. 1: 15-24". Van meer hermeneutiese aard is F. W. Grosheide se „The Pauline Epistles as Kerugma", en so-ook J. Jeremias in sy artikel, Zur Gedankenführung in den Paulinischen Briefen. P. H. Menoud, soos sy landgenoot, Clavier, hou hom in die besonder besig met die krankheid van Paulus in „L'Echarde et L'Ange Satanique (II Cor. 12:7)". Die neotestamenticus van Athene, P. I. Bratsiotis skryf oor „Paulus und die Einheit der Kirche."

Die wetenskaplike behandeling van die onderwerpe word deurgaans op 'n hoë peil gevoer en hierdie feesbundel ter ere van Prof. de Zwaan bied 'n positiewe bydrae tot die nutestamentiese vakkennis.

A. S. GEYSER.